# WYSIGING VAN BESTAANDE KONTRAK

Kennisgewing geskied hiermee ingevolge artikel 116(3) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) dat die Stad Kaapstad ("die Stad") van voorneme is om die kontrak in die tabel hier onder te wysig:

| Tender no. en -beskrywing | Huidige vervaldatum van kontrak: | Projekbeskrywing | Rede vir wysiging |
|---|---|---|---|
| Kontrak: 139Q/2022/23 | 26 November 2026 | Beskrywing: 139Q/2022/23: Konstruksie van fase 2A-padinfrastruktuur, E1 – Govan Mbeki (M9) Heinz na die westekant van die NY72-pad | Wysiging van kontrak 139Q/2022/23 deur die kontraktydperk te verleng vir 'n tydperk van negentien maande en vier dae (19 maande en 4 dae) vanaf 26 November 2026 tot 30 Junie 2028, en die kontrakwaarde te verhoog van R381 605 540, BTW uitgesluit na R428 294 447, BTW uitgesluit. |

Die plaaslike gemeenskap en ander belangstellendes word ingevolge artikel 21 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Wet 32 van 2000 genooi om kommentaar of vertoë in verband met die voorgestelde wysigings aan die munisipaliteit te rig.

Hierdie kommentaar of vertoë moet teen 20 Augustus 2026 per elektroniese pos ontvang of by die ondergemelde straatadres afgelewer word.

| Fisiese adres | E-posadres |
|---|---|
| Stad Kaapstad<br>Kaapstad-burgersentrum<br>18de verdieping<br>Hertzog-boulevard 12, Kaapstad 8001 | Jade.DeLeeuw@capetown.gov.za |
| **Voorleggings moet duidelik soos volg gemerk word: "Amendment of Existing Contracts: 139Q/2022/23: CONSTRUCTION OF PHASE 2A TRUNK INFRASTRUCTURE, E1 – GOVAN MBEKI (M9) HEINZ TO WEST OF NY72 ROAD"** | |

Die Stad se eenheid vir openbare deelname sal mense wat nie kan lees of skryf nie, mense met spesiale behoeftes en mense uit benadeelde groepe wat nie skriftelike kommentaar kan indien nie, help om hul kommentaar of insette aan te teken en by die Stad in te dien.

Indien u hulp hiermee nodig het, kontak die Stad Kaapstad se eenheid vir openbare deelname: Anathi Dywili by 021 400 9809 of 0800 212 176 of e-pos Anathi.Dywili@capetown.gov.za

**Kontak die projekbestuurder, Jade de Leeuw, per e-pos by Jade.DeLeeuw@capetown.gov.za vir meer besonderhede oor die wysiging van die bestaande kontrak.**

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
CTA183/2026

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD